Gimmie Griffie

3 November 2017

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 35***

GEAGTE OUERS

Ons herinner ouers aan die algemene ouervergadering wat op 15 November om 18:00 in die skoolsaal plaasvind. Tydens die geleentheid sal verslag gelewer word en die begroting hanteer word. Die begroting is ter insae by mev. Badenhorst.

Die volgende permanente aanstellings is by die skool gemaak met ingang van 1 Januarie 2018: Mnre. Martin Marx (adjunkhoof), Johan Benson (adjunkhoof) en Dawie Grobler (Departementshoof Wiskunde/Fisiese Wetenskappe). Ons vertrou dat hulle baie seën en werksvreugde by Gimmies sal ervaar.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

KRIEKET

Gimmies het die afgelope naweek in die Coca Cola Pro 20-krieketreeks teen HTS in die Potch-sirkel se semifinaal gespeel. Gimmies het die wedstryd gemaklik met 26 lopies gewen en speel op 31 Januarie 2018 teen Volkies in die finaal. Ricus Swart het vir Gimmies 33 onoorwonne lopies aangeteken.